



**SA BOERPERD
TELERSGENOOTSAP / BREEDERS' SOCIETY**
The Ideal Sporting and Pleasure Horse

**STÊRHINGS REËLS & PROSEDURES
STAR STALLION REGULATIONS & PROCEDURES**

Verw.: Algemene Skoupraktyk & Etiket / Handleiding: In-Hand klasse / Kleredrag / Verbode middels
Ref.: *General Show Practice & Etiquette / Manual: In-Hand Classes / Dress Code / Prohibited Substances*

	INHOUD	INDEX
1	INLEIDING	INTRODUCTION
2	REËLS & REGULASIES	RULES & REGULATIONS
2.1	INSKRYWING VAN STÊRHINGS: TERME & VOORWAARDES	ENTRY OF STAR STALLION: TERMS & CONDITIONS
2.2	NOMINASIE VAN MERRIE & FOOIE BETAALBAAR	NOMINATION OF MARE & FEES PAYABLE
2.3	DEKKINGSVOORWAARDES	COVERINGS PREREQUISITES
3	INSKRYWINGSVERSIESTES VIR DIE STÊRVUL KAMPIOENSKAP	ENTRY & JUDGING PREREQUISITES FOR STAR FOAL CHAMPIONSHIP
3.1	MAKSIMUM AANTAL INSKRYWINGS PER HINGS	MAXIMUM ENTRIES PER STALLION
3.2	DNS VAN VULLENS	DNA OF FOALS
3.3	BEOORDELINGSPROSEDURES	JUDGING PROCEDURES
3.4	VERBODE MIDDELS	PROHIBITED SUBSTANCES

1. INLEIDING

Die doel van hierdie inskrywing, asook die proses daaraan verbonde is om aan telers die geleentheid te gee om dekkings van hingste te bekom wat nie altyd in die oop mark beskikbaar is nie. Nuwe opkomende stoete kry dus die geleentheid om onmiddellik met die gevestigde stoete te kompeteer. Hierdie is by uitstek 'n geleentheid om genetica vir 'n "droom" paring te kombineer sodat die gebore "stockman" sy aanvoeling later teen die grotes kan meet in terme van bouvorm en beweging. Ingeskrewe hingste kry die kans om hulself as teelhingste te bewys d.m.v. die prestasie van sy nageslag, ± 2 jaar later. Daar word beplan om in die toekoms as hierdie vullens 3 jaar oud is, ook 'n ryperd klas te hou. Alle Stervullens sal kwalifiseer om aan ry klasse deel te neem al het hy die speenoud klas gemis. Hierdie sal 'n gewone skou-klas wees met inskrywingsgeld betaalbaar.

Sestig persent (60%) van die fondse wat deur die stêrhings / stêrvul inisiatief ingesamel word, word aan prysgelde vir die spesifieke jaar groep se weners terugbetaal.



Die duur van die proses om aan hierdie prestige geleentheid deel te neem, is ± 2 jaar.

- Die hings word ingeskryf en beskikbaar gestel vir dekkings soos hieronder beskryf.
- Die merrie deur wie die stêrvul gedra sal word, word genomineer en gedek om ± 'n jaar later vul.
- Nadat die vul gespeen is, sal die vul in die eerste stêrvul speenklas vir vullens 0/12 maande kan inskryf.
- Stêrvullens mag vir daardie jaar aan geen ander in-hand klasse deelneem nie,

Hierdie reëls en regulasies mag van tyd tot tyd aangepas word soos dit nodig blyk te wees en mag dus verskil van jaar tot jaar. Die nuutste reëls en regulasies sal egter altyd op die webblad van die SA Boerperde beskikbaar wees.

2. REËLS & REGULASIES

2.1 INSKRYWING VAN STÊRHINGS: TERME & VOORWAARDES

'n Nominasie fooi van R1000 is betaalbaar aan die SA Boerperd Telersgenootskap se Stêrhings fonds met die indiening van hierdie nominasie. Die volgende onderneming word gemaak met die inskryf van 'n hings vir die Stêrhings veiling:

- 2.1.1 Ek aanvaar die reëls en regulasies van die SH, soos van tyd tot tyd bekend gemaak, en bevestig dat ek op datum van ondertekening hiervan, my van sodanige reëls vergewis het.
- 2.1.2 Die nominasie van die Hings beteken dat die SH een dekking van hierdie Hings, wat ek hiermee skenk, kan verkoop, op welke wyse daar van tyd tot tyd op besluit word, met die opbrengs daarvan wel sal gaan aan die SA Boerperd Telersgenootskap se Stêrhings Fonds.
- 2.1.3 Die vul wat uit die dekking in (3) hierbo genoem, gebore word, mag ingeskryf word in die jaarlikse Stêrvul Speenoud Bouvorm Klas, wat in tydens die Nasionale Kampioenskappe gehou sal word, asook enige toekomstige vertoningsklasse wat deur die SH gereël mag word.
- 2.1.4 Ek sal die reg hê om EEN verdere vul van die Hings teen 'n fooi van 'n verdere R1000, in die SH Speenoud Bouvorm Klas van die betrokke jaar in te skryf. Die naam van die merrie wat vir hierdie inskrywing gedek is/sal word, moet deur my aan die SA Boerperd Telersgenootskap se kantoor verskaf word voor die einde Maart nadat ek die dekking gekoop het, tesame met die betaling van die R1000. Indien ek nie van hierdie reg gebruik wil maak nie, mag ek dit verkoop, welke volle opbrengs aan die SH betaalbaar sal wees.
- 2.1.5 Alle handeling om die dekking wat ek skenk, en deur die SH verkoop word, in die praktyk te bewerkstellig, is die verantwoordelikheid van die Koper en die Eienaar van die Hings, en die SH dra na die verkoop geen verder sodanige verantwoordelikheid nie.
- 2.1.6 Indien die SH nie daarin slaag om 'n dekking van die Hings te verkoop nie, sal ek weens my nominasie outomaties kwalifiseer vir nog een (1) inskrywing in die SH in dieselfde dekseisoen. Alle ander reëls en voorwaardes bly steeds van krag.
- 2.1.7 Ek onderneem om herhaalde dekkings aan die Koper te verskaf indien die merrie nie die eerste keer dragtig is nie, tot einde Maart, of tot die merrie dragtig is, welke datum/ gebeurtenis ook sal eerste kom.
- 2.1.8 Geen merrie wat voor die verkoop van 'n SH dekking deur die betrokke hings gedek is, mag in genomineer word nie. Dekkings vind slegs plaas na afloop van die SH veiling

Volledig ingevulde vorm moet voor die aanvang van die Stêrhings veiling aan die SA Boerperd skou-kantoor besorg word.



2.2 NOMINASIE VAN MERRIE & FOOIE BETAALBAAR

- 2.2.1 Alle fooie is betaalbaar aan die SA Boerperd Telersgenootskap se Stêrhings-fonds. Sestig persent(60%) word as prysgeld vir die betrokke jaar groep, aan stêrvul wenners terug betaal.
- 2.2.2 Hingste word genomineer deur die eienaar teen 'n nominale fooi van R1000.
- 2.2.3 Met hierdie nominasie gee die eienaar van die betrokke hings toestemming dat **een dekking** van die betrokke hings tydens die Nasionale Kampioenskappe opgeveil mag word.
- 2.2.4 Die dekking wat verkoop word tydens die stêrhings-veiling gee aan die koper daarvan 'n **kopers opsie** om 'n **merrie van sy keuse** te laat dek. Die dragtige merrie word dan genomineer vir die vul se deelname aan die Speenoud Bouvorm klas.
- 2.2.5 Indien genomineerde hings se dekking nie verkoop word nie, het die eienaar van die hings die reg om **self** 'n merrie van sy keuse te nomineer. Daar sal geen verdere koste van die eienaar verhaal word nie.
- 2.2.6 Die eienaar van die hings het 'n **skenkers opsie** as sy hings se dekking wel verkoop is. Dit beteken dat die eienaar vir 'n addisionele nominale bedrag van R1000 ook 'n merrie nomineer en beset na die datum van die veiling. Hierdie opsie kan hy ook aan iemand vir **ten minste R1000** verkoop as hy nie self 'n merrie wil nomineer nie. Die **totale opbrengs** van hierdie verkope **moet egter** aan die kantoor vir die Stêrhings-fonds oorbetaal word.
- 2.2.7 Geen hings se dekking sal soos tydens die stêrhings-veiling verkoop, sal plaasvind geldig of bindend wees indien die stêrhings-nominasie fooi van R 1000 nie betaal is en die nominasievorm nie volledig voltooi en ingehandig is nie. Daar sal **GEEN** uitsonderings gemaak word nie. Die koper van die dekking het 30 dae tyd om die geld oor te betaal aan die SA Boerperd Telersgenootskap.
- 2.2.8 Deelnemers sal in die jaar van die beoordeling self verantwoordelik wees vir die kostes van stalle.
- 2.2.9 Inskrywings aan die Stêrvul klas is nie outomaties nie. Deelnemers moet spesifiek daarvoor inskryf.
- 2.2.10 Die merries wat gaan deelneem en gedek is na die veiling, moet voor 31 Maart van die betrokke dek seisoen genomineer word. Dit gee die eienaar van die merrie ruim geleentheid om reeds dragtigheid te kon bevestig.

2.3 DEKKINGSVOORWAARDES

- 2.3.1 Indien 'n hings sou vrek voordat die merries gedek is, sal die koper sy geld, wat hy vir die dekking op die veiling betaal het, kan terug eis.
- 2.3.2 Indien die vul dood gebore is of later vrek, word dit as 'n "Act of God" beskou en kan daar 'n ooreenkoms tussen die hings-eienaar en die merrie-eienaar wees of daar nog 'n dekking beskikbaar gestel sal word.
- 2.3.3 Die koper van die dekking en die hings-eienaar kan 'n addisionele kontrak met mekaar sluit nadat die dekking bekom is waar hierdie gebeurlikhede duidelik omskryf sal word.
- 2.3.4 Enige vul wat buite die dekkingsperiode gebore is, sal NIE kwalifiseer vir die Speenoud Bouvorm stêrvul klas of toekomstige vertonings klasse gekoppel aan die betrokke jaar nie.
- 2.3.5 Indien geen merrie wat deur die aangewese hings gedek is tydens die dekseisoen dragtig word nie MAG die koper van die betrokke dekking enige gekeurde hings nomineer as plaasvervanger, mits dit binne die datum soos vasgestel in punt 2.2.10, val.

3. INSKRYWINGSVEREISTES VIR DIE BEOORDELING VAN DIE STÊR-VULLENS

3.1 MAKSIMUM AANTAL INSKRYWINGS PER HINGS

Na aanleiding van bg., sal daar altyd 'n **maksimum van twee** vullens per genomineerde hings aan die jaarlikse Speenoud Stêrvul klas (slegs vullens onder 12 maande), kan deelneem. Geen kruisinskrywings met In-Hand Skouklasse vir Hingsvul / Merrievul onder 12 maande word toegelaat nie.



3.2 DNS VAN DIE VULLENS:

Bewys van die DNS van die vullens moet voor die skou deur alle deelnemers gelewer word.

DNS toetse sal tydens die vul registrasie proses soos alle ander perde van die Genootskap gedoen word.

3.3 BEOORDELINGSPROSEDURES

3.3.1 Beoordeling vind plaas onder die beskerming van die SA Boerperd Telersgenootskap.

3.3.2 Daar sal van 3 beoordelaars gebruik gemaak word wat die “high-low” metode sal gebruik vir die beoordeling van die stêrvul klas.

3.3.3 Die beoordelaars van die Nasionale Kampioenskappe sal benut word vir die beoordeling van die klas.

3.3.4 Die finale samestelling en beoordelingsprosedure kan aangepas word na aanleiding van die aantal en geslag van inskrywings.

3.3.5 Die Raad behou die reg voor om die finale besluit te neem t.o.v. die samestelling van die beoordelaars.

3.3.6 Daar kan ook voorsiening gemaak word vir uitdun-rondtes voor die finale beslissing.

3.3.7 Die finale beoordeling is in geheel ’n nuwe klas (indien punt 3.2.4 in gebruik tree).

3.4 VERBODE MIDDELS

Toetse vir verbode middels wat ook toetse vir groei stimulant insluit, sal op ’n lukraak basis uitgevoer word en sal die koste daarvan weereens deur die Stêrhings-fonds van die SA Boerperd Telersgenootskap gedra word.

